menlo-insig
31/2024
25 Oktober 2024

# LIEWE MENLO

Luister na die geluid van reëndruppels op 'n sinkdak
Die lied van paddas wat saamsing in 'n koor
Luister hoe die wind 'n boom laat kreun en kraak
Dis die lied van die natuur wat jy daar hoor

– Laurika Rauch

*Die lieflike reënbui of twee van die afgelope week roep toe Daniël Pienaar se opstel (met Laurika se woorde as prikkel) getiteld, 'n Bosveldloflied, in die herinnering:*




Die skerp strale van die laatmiddagson dring deur die wiegelende takke van die ou kameeldoring en val by my voete waar ek rustig op die stoep van die ou plaashuis sit. Die suisende windjie warrel die verafgeleë bulk van 'n brahmaanbul om my. Moeder Natuur wil-wil weer 'n deuntjie begin.

In die verte dreun die naderende donderwolke 'n noot wat oor die bosveldvlaktes eggo. Die windjie steek weer op. Bome kreun daar en takke kraak hier. Nog 'n paar note kom by; die tempo raak vinniger. Die sagte briesie verander in 'n aggressiewe stormwind wat takke soos 'n slaansak rondslinger. Elke vorige sonstraal verdwyn en al wat nou straal, is blitse weerlig wat my hartklop op hol jaag – maar dan, skielik: doodstil.

Tik, tik, tik begin die akkoorde op die sinkdak weerklink. Die salige klanke van reëndruppels omhels my soos 'n warm drukkie. Oorvloedige vrede oorweldig my soos wat ek, in bewondering, die musiek inneem.

Daarna volg die volgende frase met stadige, sagte note. Dit is middernag. Windstil. 'n Helder volmaan patrolleer die slapende bosveld, maar die jakkalsies wil nog nie slaap nie. Elke harde blaf eggo soos 'n geweerskoot deur die bos. Stilte. Blaf. Stilte. So gaan die gesprek aan terwyl die res van die veld se drome tussen die spierwit, helder sterre sweef.

Soos wat die oggendson vanuit sy rusplek verskyn en deur die takke na die veld loer, begin 'n paar tortelduiwe opwarm vir húl frase. 'n Kwêvoël of twee lewer ook insette. Kort voor lank tree die bosveldkoor in aksie en selfs die paddas sing trots uit volle bors saam. Die akkoorde vleg saam in 'n danksegginglied. Daar word gejuig oor die nuutgebore veld na die broodnodige reën.

Die son is nou goed gevestig in die nuwe dag en skyn skerp strale wat weerkaats vanaf die vinnig vloeiende rivier. Waterstrome vleg deur en oor mekaar en bars oor rotse. Die stroom ontmoet 'n trop buffels wat, soos wat hulle in die vlak waters baljaar en van die hitte afkoel, 'n bulkende bydrae tot die musiek maak.

Hier sit ek op die stoep van my ou plaashuis. 'n Breë glimlag verskyn op my bakkies, want hier kom die windjie weer. Hy kom vanuit elke hoek van die veld en sleep elke klankie, kreun en krakie saam. Hier kom 'n noot en daar kom nog een. Ek hoor 'n ligte dreuning, 'n loflied. Die hele skepping sing nou saam en loof en prys Sy Grote Naam.

Dit ís die lied van die natuur wat ek daar hoor.

# MENLO MA'S WAT OMGEE

**Teks: Spreuke 3:5-6**

Vertrou op die Here met jou hele hart – op jou eie insig moet jy nie staatmaak nie. Ken Hom in al jou weë, en Hy sal jou paaie reguit maak.

# DAGBOEK

**25/10** Drama: Afsluitingsfunksie

## Dis begrotingstyd! Lewer asb. u insette.

Die jaar staan einde se kant toe en die proses om die 2025-begroting goed te keur, begin binnekort. Ouers word versoek om hulleself asseblief deeglik van die volgende datums en reëlings te vergewis.

### Dinsdag, 5 November 2024
**Ouerinligtingsvergadering rakende die begroting vir 2025 (Ouditorium, 18:00)**

Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan die ouers voorgelê en uiteengesit. Enige vrae en besprekings word verwelkom. Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die forum by die skool beskikbaar.

### Dinsdag, 19 November 2024
**Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting vir 2025 (Ouditorium, 18:00)**

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2025 deur middel van 'n stemproses goed te keur.






# OMGEE

## Parkies maak impak


Wat het Kersfees, geskenke, opgewondenheid en Parkies gemeen? Emmers, of liewer, pakkies en Parkies vol omgee wat met vanjaar se impakkieprojek hoop aan 47 kinders en 24 dames gebring het.

Die Parkies het hulle lywe gedurende die afgelope paar weke Kersvader gehou en allerhande geskenke bymekaargemaak om te verseker dat elkeen op NG Wespoort se lys – van pasgebore babas tot negentienjarige tieners – vanjaar 'n Kersgeskenk ontvang.

Dié sending is op Donderdag, 17 Oktober met groot sukses deur twee busse vol Parkieraadslede uitgevoer en hulle is sommer met die intrapslag met vrolike kleutersang en -dans begroet. Daarna is geskenke oopgemaak – die opgewondenheid waarmee elke kind sy of haar pakkie oopgemaak het, 'n hartroerende gesig. Na 'n heerlike middagete is gesiggies geverf en speletjies met oorgawe gespeel, want Parkies doen niks half nie.

Die doel van die projek was om NG Wespoort te ondersteun, maar dit is die Parkies wat oudergewoonte met nuwe perspektief en breë glimlagte teruggekeer het. Baie dankie aan Isabeau van Helsdingen, Juvan Botha en die matriekraadvoogde vir hulle reëlings én aan elke Parkie wat 'n aandeel aan hierdie heerlike dag gehad het. Die Parkies sal die sleutelhouers wat hulle as aandenking ontvang het saam met die herinneringe van daardie spesiale dag in hulle geheuebank koester.

Parkies is die verskil!











# ALGEMEEN

## Nuwe graadvoogde aangekondig

Menlo is gereed vir 2025 en stel graag die nuwe graadvoogde aan die Parkies voor. Daar het 'n paar veranderinge plaasgevind, maar u kan oudergewoonte gerus wees dat elke Parkie in veilige hande is. Ontmoet die span wat in 2025 by elke graad gaan leiding neem. Ouers is reeds welkom om hierdie graadvoogde te kontak.



# ATLETIEK

## Ons atlete oefen op die tartanbaan! Bring die bekers laat ons huis toe gaan!

Die hoogtepunte van vanjaar se atletiekseisoen is verlede week by die prysuitdelingsfunksie gevier. Die Insig reflekteer graag saam met die atlete en afrigters op 'n seisoen vol hoogtepunte. Hier volg 'n kort opsomming van die seisoen.

| | |
|---|---|
| Interhoër | Wenners: seuns, dogters en algeheel |
| Potch Top 30 | Algehele wenners |
| Deelname: 10 km (ASA) | Vyf Parkies neem deel |
| ASA se SA Landloopkampioenskap | 18 Parkies neem deel |
| ASA se SA Atletiekkampioenskap | 33 Parkies neem deel |
| Top 15 Noordheuwel | Wenners |
| Curro Podium | Wenners: dogters en algeheel |
| Junior Wêreldkampioenskap | Drie Parkies |

### Trofee

#### Landloop

| | |
|---|---|
| Beste junior dogter | Zanta Lourens |
| Beste junior seun | Dylan Kraamwinkel |
| Beste senior dogter | Kaitlyn van Rooyen |
| Beste senior seun | Leon Stoltz |

#### Atletiek

| | |
|---|---|
| Junior victrix ludorum | Liné de Villiers |
| Junior victor ludorum | Taelin Smith |
| Senior victrix ludorum | Colene Scheepers |
| Senior victor ludorum | Werner Bezuidenhout |
| Atleet van die jaar (junior dogter) | Megan Nieman |
| Atleet van die jaar (junior seun) | Joshua Gerber |
| Atleet van die jaar (senior dogter) | Alicia Khunou |
| Atleet van die jaar (senior seun) | Werner Bezuidenhout |













## Tartan groet 2024 met 6-skolebyeenkoms











Die 2024-atletiekseisoen het verlede Vrydag sy laaste asem uitgeblaas.

Is daar 'n beter manier om lewenslus, talent en jeug te vier as met 'n vriendskaplike atletiekbyeenkoms tussen buurskole?

Ongewone items – 60 m, 300 m, 200 m-hekkies, 600 m en 1000 m – het selfs meer tot die genotvolle aard van die byeenkoms bygedra.

Die skool rig graag 'n hartlike woord van dank aan ons gaste, AHS, AHMP, Garsfontein, Waterkloof en Curro asook aan die beamptes vir 'n puik byeenkoms.

Ons maak gou weer so!

Fotos:

Frans Lombard (Actionpix)

















# SWEM

## Opgegradeerde swembad nou amptelik in gebruik

Verbygangers sou verlede Saterdag maklik kon dink dat Menlo se opgegradeerde swembad gasheer vir die volgende olimpiese proewe speel.

Die stortvloed van talent en entoesiasme wat op Menlo-bodem toegesak het, was egter nie aan proewe te danke nie, maar aan die skool se Sestiende Jaarlikse Uitnodigingsgala wat mededingers van heinde en verre gelok het.

Die byeenkoms was die ideale geleentheid om die opgegradeerde swembad amptelik te open en dit was 'n voorreg om Suid-Afrika se olimpiese heldin, Tatjana Smith, vir hierdie taak by die skool te verwelkom.

Ofskoon me. Smith uit die sport getree het, was die versoeking om Menlo se waters te toets eenvoudig onweerstaanbaar en voordat Tatjana haar kon kry, was sy deel van die span!

Die skool rig graag 'n woord van dank aan me. Smith, mnr. Phillip Erasmus, die beamptes asook die deelnemende skole.

Met soveel talent kan die Uitnodigingsgala in die toekoms netsowel as olimpiese proewe dien.

Die deelnemende skole was:

HS Menlopark, AHMP, Benoni High School, C & N Sekondêre Meisieskool Oranje, Eunice High School, Grey College Sekondêr Bloemfontein, Hatfield Christian School, HS Garsfontein, HS Waterkloof, HS Zwartkop, Midstream College, Merensky Landbou Akademie, Northcliff HS, St Andrew's School (for Boys) Bloemfontein, St Andrew's School for Girls Senderwood en Parktown Girls High School.



# MUURBAL

## Is Menlo die beste muurbalskool in SA?

Die Hoërskool Menlopark het verlede week gasheer vir die tweede Menlo-Muurbalinterskoletoernooi gespeel en Michaelhouse, St Stithians, St Johns, Zwartkop, Pretoria Boys High, Midstream en Egoli Squash op plaaslike bodem verwelkom. Die formaat van die toernooi bepaal dat die top-6-seuns van elke skool oor vier rondes aan die kompetisie deelneem – 'n toets vir menige senuwee. Na vier rondes was dit Menlo se muurbalmanne wat koning gekraai het en daarom noem ons onsself die voorste muurbalskool suid van die Sahara!
Welgedaan, Menlo!

# KRIEKET

## Menlo op Noordvaal-koers

Noord van die Vaal heers daar tans 'n titaniese krieketstryd om te bepaal watter skool oor die beste krieketspelers beskik. Die Hoërskool Menlopark was verlede naweek in die uitklopronde in aksie. Baie geluk aan die spelers en afrigters wat die wedstryd gemaklik gewen het en eerskomende naweek verder om die Noordvaal-trofee sal meeding. Hier volg die uitslag:

**Noordvaal (rondte van 16)**

Menlopark XI-tal teen Dr. Malan 1ste XI
Dr. Malan 223/9 (Matt van der Westhuizen 3/40, Wihan Spanneberg 3/26)
Menlo 227/7 (Matt van der Westhuizen 76, Dian van Zyl 43, Monré Koekemoer 43)
Menlo wen met 3 paaltjies.






# SPOG

## Sy ken haar koers

Hartlik geluk aan Anje Verwaard wat tot die Voortrekkers se Oord Oosterlijn Jeugraad verkies is. Die skool is trots op hierdie Menlo-ambassadeur en wens haar alle voorspoed toe.



# MARKPLEIN














RUSH NETWORK | MetroFibre | DFA | VUMA | Frogfoot | open serve









# PIETER CLASE

**STUDIE- EN LOOPBAANVOORLIGTING**
**STUDY AND CAREER COUNSELLING**

## HOE WEET JY?

- Of jou kind in Graad 9 op 'n veilige Graad 10-vakkeuse sal besluit wat alle opsies sal oophou?
- Of jou kind in Graad 10, 11 of 12 op 'n realistiese beroeps- en studie-keuse sal besluit?
- Of jou kind wat ongelukkig in sy/haar studierigting is, die regte studie-keuse gemaak het?

***Met meer as 25-jaar ervaring in loopbaanvoorligting help ek graag met evaluering, konsultering, advies en persoonlike aandag.***

**BESOEK MY WEBWERF EN KONTAK MY VIR 'N KONSULTASIE.**

Dr Pieter Clase
BA, DEd (Opvoedkundige Sielkunde)
Geregistreer by SACDA as Beroepsontwikkelingspraktisyn

082 924 4248
www.pieterclase.co.za